

## **VOORWAARDES WAARONDER RUIMTE EN FASILITEITE IN DIE GEMEENSKAPSALE VERHUUR WORD**

(Die huurder moet hierdie voorwaardes byderhand hou gedurende okkupasie van die fasiliteit)

1. Vir die toepassing van hierdie reëls beteken:
  - "Raad" die Oorgangsraad van Witzenberg.
  - "Huurder" die persoon deur wie die aansoek om 'n saal te huur, geteken is.
  - "Saal" enige ruimte in die Gemeenskapsale waarvoor aansoek gedoen word, insluitende die banketsaal, galery, verhoog, kombuis, kroeg, kleedkamers, openbare geriewe, gange, portale, sowel as enige meubels, toerusting of apparaat wat daarin mag voorkom en
  - "Gemagtigde beamptes" van die raad beteken enigeen van die Munisipale Bestuurder, Direkteur: Gemeenskapsdienste, Direkteur: Tegnies, Elektriese Dienste of ander beampte wat deur die raad aangewys word.
2. Aansoek om die gebruik van die Gemeenskapsale word skriftelik gedoen ooreenkomstig die voorgeskrewe vorm.
3. 'n Huurder kan nie die saal onderverhuur sonder die uitdruklike magtiging van die raad nie en hy gebruik die saal uitsluitlik vir die doel wat in sy aansoek aangedui is.
4. Die bespreking van die gemeenskapsfasiliteite word beperk tot slegs een vooruit bespreking, dog is die instansies soos in item 5 vermeld, wie 'n fasiliteit tot en met een jaar vooruit mag bespreek, uitgesluit.
5. Instansies wie gemeenskapsfasiliteite vir 'n jaar vooruit mag bespreek:
  - 5.1 Poswese vir die uitbetaling van pensioene
  - 5.2 Bloedoortappingsdiens
  - 5.3 Enige ander instansie waarvoor deur die raad goedkeuring verleen is.
  - 5.4 Kerke kan besprekings vooruit doen op 'n ad hoc basis, nadat skriftelik aansoek gedoen is en goedkeuring verkry is vanaf die portefeulje Gemeenskapsdienste (RB 9.3(a)/6/96)
6. Die gemeenskapsale sal gedurende die week slegs elke tweede dag en gedurende naweke slegs een dag per naweek aan verskillende instansies verhuur word, dog kan die Munisipale Bestuurder of sy gevolmagtigde die saal op die alternatiewe dae gedurende die week of meer dae gedurende naweke beskikbaar stel, sou genoeg tyd en arbeid beskikbaar wees vir die in gereedheid bring, van die saal vir verhuring aan die ander instansie, of die instansie onderneem om self die saal in gereedheid te bring sowel as die volle verantwoordelikheid in terme van item 11 (2) te aanvaar.
7. Gemeenskapsfasiliteite word nie verhuur aan instansies of individue van wie 'n lisensie in terme van die Wet op Besighede (Wet 71/1991) vereis word nie.
8. Die raad kan 'n aansoek sonder opgawe van redes afkeur.

9. Afsonderlike ruimtes binne die sale word nie gelyktydig aan verskillende instansies verhuur nie.
10. Slegs formele dinee danse sal in die Stadsaal toegelaat word terwyl disko danse en popkonserte wel in die ander sale toelaatbaar is.
11. Gedurende Pinkster tyd sal die sale slegs vir vergadering, kulturele en godsdienstige byeenkomste beskikbaar gestel word, terwyl op ander Christelike feesdae die sale slegs vir godsdienstige byeenkomste beskikbaar gestel sal word.
12. Die raad hef die gelde en deposito's uiteengesit in die aangehegte skedules soos van toepassing op die verskillende sale of 'n gedeelte daarvan.
13. Die raad se gemagtigde beamptes bepaal volgens gemelde voorgeskrewe tariewe watter gelde betaalbaar is.
14. Die verskuldigde gelde soos uiteengesit in aanhangsels A B C D E F en G is vooruit betaalbaar nie later as 13:00 van die laaste werksdag wat die verhuringsdatum voorafgaan nie. Ten opsigte van die Stadsaal, Bella Vista Gemeenskapsaal, Dreyersaal, N'duli Gemeenskapsaal en Polocross Saal is die gelde betaalbaar by die Inkomste kantoor van die Munisipaliteit
16. Indien 'n aansoeker 'n bespreking kanselleer, verbeur hy 10% van die deposito vir sodanige verhuring en indien hy versuim om aan die eerste voorbehoud tot subparagraaf 12 te voldoen, word geag dat hy 'n voorlopige bespreking gekanselleer het.
17. Indien die datum van 'n bespreking verander word met kennisgewing van minder as een week, word 'n opslag van R20,00 gehef, uitgesonderd die geval waar 'n besprekingsdatum op versoek van die raad verander het.
18. Die raad behou die reg om 'n bespreking te kanselleer as hy van mening is dat dit in die openbare belang is of indien die saal vir munisipale doeleindes benodig word : met dien verstande dat enige gelde wat in so 'n geval reeds deur die aansoeker betaal is aan hom terugbetaal word : met dien verstande voorts dat die raad nie aanspreeklik is vir enige verlies of skade wat die aansoeker as gevolg daarvan mag ly nie.
19. Die raad kan deur sy gemagtigde beamptes die huurder belet om apparaat of toerusting, of plakkate, versierings en dergelike goedere wat na sy mening gevaarlik of aanstootlik is of 'n oorlas skep, binne of buite die saal aan te bring.
20. Die reg van toegang tot die saal vir die Burgemeester en die gemagtigde beamptes word te alle tye voorbehou.
21. Geen parkering word op ander plekke as die goedgekeurde gemerkte parkeerbane toegelaat nie.
22. Geen spykers, skroewe, hakies of kleeflint mag in of teen enige muur, houtwerk en die plafon van die sale ingeslaan, ingedraai of vasgeplak word nie.
23. Die huurder is aanspreeklik vir die reiniging/was van alle toerusting/eetgerei wat gehuur is met uitsondering van tafeldoeke.
24. Die huurder sal verantwoordelik wees vir, en sal enige skade en/of enige buitengewone vuil toestand van enige aard aan die persele, matte, ameublement, uitrusting en toebehore of enige eiendom van die raad, vergoed waar sodanige skade of buitengewone vuil toestand aangerig is tydens die verhuur van die saal. Die huurder sal verantwoordelik wees vir die verlies van enige huisraad, toestel, uitrusting of toebehore in die gebou waar sodanige

verlies gedurende die huurtermyn plaasvind. Die huurder sal aldus verantwoordelik wees vir verlies en/of skade afgesien van deur wie die verlies en/of skade veroorsaak is en afgesien daarvan hoe dit veroorsaak is. Blote bewys van die verlies en/of skade sal voldoende wees om die huurder aanspreeklik te maak. 'n Sertifikaat ten opsigte van sodanige verlies en/of skade geteken deur die Munisipale Bestuurder van die Munisipaliteit van Witzenberg of deur die amptenaar wat in hierdie hoedanigheid waarneem, sal in die geval van enige dispuut of hofgeding tussen die Munisipaliteit van Witzenberg en die huurder ten opsigte van sodanige verlies en/of skade, beskou word as absolute finale bewys van sodanige verlies en/of skade. Die huurder sal skriftelik aan die Opsigter/Toesighouer : Geboue enige skade aandui alvorens die persele in gebruik geneem word. By gebreke aan sodanige aanduidings sal dit aanvaar word dat alles in goeie toestand was toe die huur van die persele deur die huurder 'n aanvang geneem het.

25. Enige skade deur die huurder veroorsaak soos in item 21 vermeld, sal van die deposito verhaal word en waar die deposito nie voldoende is vir die verhaling van die skade nie sal 'n rekening ter vereffening aan die huurder gestuur word en sal geen verhuring verder gemaak word alvorens die skade nie ten volle vereffen is nie.
26. (1) Die akkommodasie word aan die huurder verhuur met die verstandhouding dat die aantal persone toegelaat, beperk sal word tot die aantal sitplekke beskikbaar gestel. Persone sal nie toegelaat word om in die gange, deurloop paadjies of portale van die saal saam te drom nie. Sodra die beskikbare sitplekke gevul is sal die huurder toesien dat die toelating van bykomstige persone verbied word.

Kapasiteit : Stadsaal

Opvoerings/Publieke vergaderings	:	600 sitplekke
Dinees	:	250 mense sit by tafels
Danse	:	220 persone

Kapasiteit : Dreyersaal

Opvoerings/Publieke vergaderings	:	200 sitplekke
Dinee	:	150 sit by tafels
Danse	:	200 persone

Kapasiteit : Bella Vista Gemeenskapsaal

Opvoerings/Publieke vergaderings	:	400 sitplekke
Dinee	:	250 sit by tafels
Danse	:	250 persone

Kapasiteit : N'duli Gemeenskapsaal

Publieke vergaderings	:	200 sitplekke
Danse	:	150 sitplekke

Kapasiteit: Polocross Saal

Publieke vergaderings	:	115 sitplekke
Danse	:	100 sitplekke

- (2) Onbelemmerde toegang moet verseker word na enige brandblus apparaat, en alle gange en uitgange moet te alle tye vry van versperring gehou word.

- (3) Ondanks die bepalings van subparagraaf (1), behou die raad die reg om deur sy gemagtigde beamptes verdere toegang aan die publiek te weier weens gebrek aan ruimte of sitplek, of om enige iemand weens wangedrag of steurnis uit die gebou te sit of te laat sit en die huurder gehoorsaam enige opdragte aan die raad se gemagtigde beamptes in hierdie verband.
27. Na afloop van 'n funksie moet die huurder die saal so gou doenlik ontruim met inbegrip van alle toerusting binne die tydperk waarvoor die saal gehuur is. Die raad se gemagtigde beamptes kan uitstel verleen tot die tydperk 08:00 tot 13:00 van die daaropvolgende werksdag indien die saal nie andersins benodig word nie. Indien die ontruiming nie ten volle binne gemelde tye afgehandel word nie, is die gelde uiteengesit in tarief 6 betaalbaar : met dien verstande dat benewens sodanige gelde, die raad enige toerusting of materiaal wat veertien dae na afloop van 'n funksie nog nie verwyder is nie, as roukoop kan toe-eien en na goeddunke daarmee kan handel sonder enige aanspreeklikheid teenoor die huurder of 'n derde party.
28. Die raad is nie aanspreeklik teenoor die huurder of enige derde party ten opsigte van enige verlies of skade gely, hetsy aan persoon of eiendom, wat as gevolg van hierdie verhuring mag ontstaan nie.
29. Vir die beheer van die elektriese beligting installasies moet die opsigter betyds geraadpleeg word.
30. Die verhuring is verder onderworpe aan munisipale regulasies ten opsigte van brandbestryding, die gebruik van elektrisiteit of enige ander toepaslike aangeleentheid.
31. Indien die huurder versuim om uitvoering te gee aan enige bepaling van hierdie voorwaardes, of aan enige opdragte van die raad se gemagtigde beamptes ter handhawing van orde en goeie gedrag of ter beskerming van raadseiendom, kan die raad deur sy gemagtigde beamptes die verhuring summier kanselleer of beëindig en alle betalings gemaak deur die huurder as roukoop toe-eien.
32. Geen ameublement of artikel van enige aard wat aan die raad behoort, sal verwyder word uit die saal of vertrek waar dit oorspronklik gevind is sonder die goedkeuring van die gemagtigde beampte nie.
33. Die raad kan deur sy gemagtigde beamptes die huurder belet om apparaat of toerusting of plakkate, versierings en dergelike goedere wat na sy mening gevaarlik of aanstootlik is of 'n oorlas sal skep, binne of buite die saal aan te bring.
34. Die kleedkamers en toilette sal onder die toesig van die huurder wees en hy sal verantwoordelik wees vir enige skade of verliese sowel as die handhawing van sindelikhed.
35. Die verkoop van sterk drank by enige funksie sal slegs deur 'n gelisensieerde kroeg waargeneem mag word.
36. Die perseel word verhuur aan die huurder op die uitdruklike voorwaarde dat die huurder verantwoordelik sal wees om enige lisensie of toestemming te bekom wat benodig mag word ingevolge die Wet op Outeursreg, 1978 of enige ander wet, en dat enige handeling aan die kant van die huurder wat 'n oortreding van die ouditeursreg tot gevolg mag hê, uitdruklik verbied word.
37. (1) In gevalle waar akkommodasie vir enige doel op 'n Saterdag verhuur word, sal gebruik van die persele nie later dan 23:45 gestaak word en geen musiek, dans of enige verrigtinge sal na hierdie tyd plaasvind nie. Ontruim perseel nie later as 01:00.

(2) In gevalle waar akkommodasie vir dansdoeleindes op 'n dag, behalwe 'n Saterdag verhuur word, sal gebruik van die perseel nie later nie as 01:00 gestaak word. Ontruim perseel nie later dan 02:00.

<sup>1</sup>38. Die saal mag een keer per kwartaal gratis per politieke party wat in die Raad verteenwoordig word, aangewend word vir politieke vergaderings met die gemeenskap. Die betrokke politieke party moet egter sy voorneme aan die Munisipale Bestuurder voorlê en is onderhewig aan die beskikbaarheid van die betrokke fasiliteite en dit sal ook op 'n prioriteitsvolgorde, soos aansoeke ontvang word, hanteer word.

LET WET: ALLE VOORWAARDES EN TARIEWE WAARNA IN HIERDIE BYLAE VERWYS WORD, IS ONDERHEWIG AAN VERHOINGS EN/OF WYSIGINGS SOOS VAN TYD TOT TYD DEUR DIE RAAD GOEDGEKEUR.

D DU PLESSIS  
MUNISIPALE BESTUURDER